Dienelkander

Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Oos

2024 Bedieningstema
Toegewyd aan God;
Diensbaar aan mekaar en aan die wêreld.

12 Mei 2024

09:30 OGGENDEREDIENS:
Ds. Piet Venter

Die Doop word vanoggend bedien aan Lohandré, baba van Jandré en Lolani de Klerk. Baie geluk aan julle sowel as aan die grootouers wat ook vandag hier teenwoordig is. Baie welkom aan vriende en familie wat saam met ons aanbid.

Ons het nou reeds uit Open. 1 met Johannes se eerste visioen gesien dat Christus oor sy kerk regeer! Verlede Sondag in die prediking uit Open 1 - 3 het ons as't ware besoek van Koning Jesus ontvang oor die wyse waarop ons as ligdraers (kandelare) ons lig in hierdie donker wêreld laat skyn. En ons het gesien dat dat die duisternis van die Boosheid en sonde soms die lig verdof en selfs kan uitdoof! Gelowiges beleef inderdaad swaar en beproewende dinge terwyl hulle Christus se lig moet laat skyn! Soms kan ons selfs deur die swaar en onverstaanbare dinge oorweldig word!

Om te kan volhard en moed te skep moet ons God se groter prentjie raaksien! God regeer nie net deur Christus oor die kerk nie! Hy regeer oor die ganse skepping! Hy is besig om sy skeppingsplan deur te voer, 'n plan waarin Hy ook met Satan en met die boosheid sal afreken en jou bring tot oorwinning!

Om ons hierdie groter prentjie tot ons troos te laat raaksien, wys die Here ons vanmore deur die oë van Johannes seker een van die aangrypendste visioene in die Bybel: God, die Here, die Almagtige, op sy troon in die hemel met die hele skepping wat Hom aanbid, loof en prys!

Mag hierdie visioen jou vanmôre troos en jou deel maak van 'n kosmiese aanbidding, lofprysing en verheerliking van God!

Tema: Buig in aanbidding voor God die Allerhoogste wat tot jou beswil regeer, loof en prys Hom onophoudelik!

Lofsang ter voorbereiding van die erediens
Lied 464: 1, 4; Sb. 2 - 2: 1, 3

God en ons ontmoet mekaar
Intreelied: Ps. 47 - 1: 1; Votum; Seën; Loflied Ps. 150 - 1: 1, 2; Geloofsbelydenis: HK Sondag 9

Ons verootmoedig ons voor God
Wet uit Eks 20; Sing Ps. 24 - 1: 1, 2; Gebed

Sakramentbediening
Doopformulier; Doopbediening; Sing na die doop: Ps. 89 - 1: 2; Gebed

God bedien aan ons sy Woord en ons ontvang dit aktief in geloof
Skriflesing: Openbaring 4;
Teksverse: Open. 4: 1 en 2;
Sing Ps. 93 - 2: 1, 2, 4 (Mel van Lied 582) (Kleuterbediening); Woordverkondiging.

Ons antwoord op die Woordbediening
Gebed; Sing Ps. 150 - 1: 3; Seën; Amenlied: Sb. 13-1.

GROEPBEDIENING

🙏Mei 2024🙏

Romeine 12: 9-12 en 1 Korinthiërs 12:12-31

Ons bid **saam** vir:

- **Opregte liefde**: "Here, help my om ander mense opreg lief te hê; om te haat wat sleg is en om styf vas te hou aan alles wat goed is."
- **Broederlike (susterlike) omgee**: "God, gee my 'n hart wat regtig omgee vir ander, veral vir my geloofsfamilie. Laat my liefde warm en opreg wees, soos wat ek lief is vir my eie broer of suster."
- **Toewyding en ywer:** "Vader, mag ek toegewyd wees daaraan om ander bo myself te eer. Vul my met ywer vir u koninkryk en om U vurig te dien."
- **Geduld in swaarkry:** "Here, in tye van moeilikheid/swaarkry/siekte, skenk my geduld en uithouvermoë. Help my om standvastig te bly in die geloof, met die wete dat U by my is. Help my om op U plan te bly vertrou en gelowig aan te hou."
- **Volharding in gebed:** "God, mag my gebedslewe konsekwent en vurig wees. Help my om toegewyd te bly in gebed (soos om asem te haal), om U leiding en krag elke dag te soek. Gee my die krag om aan te hou bid, selfs wanneer dit moeilik gaan of my gebede onbeantwoord lyk. Help my om op u perfekte tydsberekening te vertrou."
- **Vrygewigheid:** "Here, leer my om aan ander gasvryheid en vriendelikheid te betoon sonder om iets terug te verwag."
- **Vrede en eenheid:** "Vader, help my om vrede en eenheid in al my verhoudings te soek."
- **Nederigheid:** "God, hou my nederig onder alle omstandighede, en herinner my dat alles wat ek het van U af kom. Ek is nie beter as ander nie, help my ook om my eie beperkinge en swakhede raak te sien en bereid te wees om te leer van ander."
- **Blydskap in hoop:** "Here, vul my met hoop en blydskap, selfs te midde van beproewings. Help my om op u beloftes te vertrou en my te verbly in die hoop op die ewige lewe."
- **Gasvryheid**: "Here, gee my 'n hart van gasvryheid om ander met ope arms in my lewe en in my huis te verwelkom. Help my om vriendelikheid en vrygewigheid te betoon aan almal wat ek ontmoet."

Ons bid dit alleen in die naam van Jesus Christus, ons Verlosser.

MEELEWING

- Elmien Halgryn se skouer-vervangingsoperasie het goed afgeloop en sy sterk tuis aan.
- Dirkie Venter word steeds in M-Care behandel na sy beroerte.
- Lappies Labuschagne se knievervangingoperasie het goed afgeloop.
- Adele Delport se ma ondergaan more ‘n operasie. Die Kerkkantoor sal dus more gesluit wees.
- Annatjie Vermeulen trek swaar aan die newe-effekte van die chemoterapie en ons bid haar baie sterkte toe.

Ons bid al hierdie lidmate troos en beterskap toe in hierdie beproewings.

ONS VRA VOORBIDDING VIR DIE VOLGENDE LIDMATE WAT SUKKEL MET SIEKTE OF SWAK GESONDHEID

Estette Bredenkamp, Annette Coetzee, Kitty Kruger, Annatjie Duvenage, Bettie Niemand, Annatjie Vermeulen, Rita Schutte, Marianna du Plessis en Andries du Plessis.

BAIE GELUK

Jaco Viljoen van Klipdrifdam het verloof geraak aan Gerda Bouwsema. Baie geluk.

BEDIENINGE VAN HIERDIE WEEK

Vandag
09:00 Gebedsgroep
09:30 Oggenddiens
Kleuterbediening
Katkisasie les 13
Tee en koffie
Groepbediening

Maandag
Kerkkantoor gesluit
18:30 Jeugdiensgroep vergader
Katkisasiedg: Verslae inhandig

Dinsdag
06:00 Manne Ondersteuningsgroep
18:00 Katkisasie gr. 8 - 10
18:30 Bedieningsdiensgroep vergader

Woensdag
10:00 Amandelbloeisels
18:00 Katkisasie gr. 11
18:30 Studente en jong werkendes Bybelstudie

Vrydag
Jeugaand skuif na Vrydag, 31 Mei

AFKONDIGINGS

- Liefdegawes vandag: Diakonie (Groot boks) en Ekumenisiteit: Buitelands (Klein boks), Zapper-betaalmetode beskikbaar.
- Gawes volgende Sondag by die deure vir TOPIA. .
- Vrywillige bydrae vir voertuigsekuriteit kan in die bussies gegooi word.
- Diensbeurt: Groep 16 en 17.

VERJAARSDAE

Baie geluk aan almal wat DV hierdie week verjaar!

Sondag, 12 Mei
Sr Nauma Blom
Sr Leischa Lazenby
Sr Carina Coetsee

Maandag, 13 Mei
Br Koos Jooste*****

Dinsdag, 14 Mei
Jbr Divan v Rooyen
Jsr Mila-Marie v Vuuren

Woensdag, 15 Mei
Sr Rita Kleynhans
Sr Marie Thomas *****

Donderdag, 16 Mei
Jsr Carmien Coetzee

Vrydag, 17 Mei
Br Christo Snyman *****

Saterdag, 18 Mei
Br CP Kloppers

***** Lidmate met spesiale verjaarsdae – 75 jaar en ouer

Amandelbloeisels

Al die Amandelbloeisels,

Senior lidmate wat belangstel in Wonde en die versorging van wonde, word vriendelik uitgenooi die Amandelbloeisels se byeenkoms op Woensdag, 15 Mei om 10 uur in die Skuur.

Die spreker, Anita Stavast is ’n verpleegkundige wat in Wondsorg gespesialiseer het en wat vir die oggend by ons gaan kom inloer. Dit is baie belangrik om te weet hoe om wonde – groot of klein, ernstig of net lastig – reg te versorg. Dit gaan groot probleme uitskakel wat moontlik later mag ontwikkel.

Die heerlike warm dae raak nou vining al hoe minder. Kom gerus ’n bietjie uit en sê vaarwel vir die somer van 2024.

Ons sien daarna uit om almal heerlik te ontvang. Bring gerus jou vriende saam!

GK CACHET BASAAR

Geagte Gemeentelede,

Gereformeerde Kerk Cachet nooi u hartlik uit om saam ons basaar te kom hou 25 Mei 2024!

Die basaar het iets vir almal. Dit strek vanaf kindervermaak tot ’n veiling en voedsel wat die hongerpyne kan stilmaak. Ons gaan buitelugvermaak hê waarna u kan luister, terwyl u aan die lip-lekker-pannekoek smul. Daar is ’n verskeidenheid stalletjies waar peuselhappies tot klere te koop is. Hierdie is ’n dag van pret wat u nie wil mis nie.

Die basaar is daardie Saterdag vanaf 09:00 tot 15:00 op Gereformeerde Kerk Potchefstroom Sentraal se terrein, Walter Sisulustraat 33, Potchefstroom. Moenie hierdie geleentheid mis nie. Vir ’n bestelvorm en verdere inligting, kontak Kayla Sampson by 071 177 0429, of Leoné van Niekerk by 082 610 9671. Ons hoop om u daar te sien en die dag saam met u te geniet.

BEHOEFTE AAN KINDERKLERE EN VROUEKLERE

Liza Jansen van Rensburg help hulle Kleuterskool om goeie tweedehandse klere vir kinders en mammas wat behoeftig is, te versamel. Lidmate wat skenkings wil maak kan sommer direk met Liza skakel by 082 563 2824 vir die afdra van die klere. Hier is ‘n lys van benodigdhede:

<u>Meisies (2-3)</u>:
Sweetpakke, Baadjies, Langbroeke, Langmou hempies, Kouse, Toe skoene, Pantoffels, Kortbroeke, Kortmou hempies, Oop skoene, Somer nagklere, Herfs nagklere, Winter nagklere

Seuns (2-3):
Sweetpakke, Baadjies, Langbroeke, Langmou hempies, Kouse, Toe skoene, Pantoffels, Kortbroeke, Kortmou hempies, Oop skoene, Somer nagklere, Herfs nagklere, Winter nagklere

Dames:
Enige Bra's, Langmoubloese, Kortmoubloese, Truie, Baadjies, Broeke, Skoene, Kouse

KENELKANDER 2024

Beskikbaar in die voorportaal van die Skuur vir lidmate wat bestel het.

GKSA-NUUS

Beroep ontvang
Ds GM (Marnix) Boersema van GK Graaff-Reinet na GK Pretoria-Meintjeskop.

Beroepe bedank
• Ds RA (Ronald) Bain van GK Oranjerivier na GK Naboomspruit.
• Ds RA (Ronald) Bain van GK Oranjerivier na GK Vaalwater.
• Ds JL (Jan-Louis) Lee van GK Brits na GK Magol.
• Ds JL (Jan-Louis) Lee van GK Brits na GK Middelburg, Mpumalanga.

KENNISGEWINGBORD

- Wwess Kamp 2024 - jong werkendes / studente
- Word deel van Potch Mannekoor
- Tuinwoonstel te huur. Whatsapp Christelle 084 505 5010

SOSIALE MEDIA

WhatsApp: 067 713 2332
Webblad: www.oosdoppers.co.za
Facebook: www.facebook.com/oosdoppers
Erediens videobank:
http://ow.ly/ivfZ309vsdc
Intydse erediensuitsendings op YouTube by: Oos-Doppers Potch

BAIE DANKIE AAN ONS BORG DIE WEEK!

Turkstra BAKKERY
Rooi Windpompsentrum,
Retiefstr. 61, langsaan Chubby Chick Outlet.
Telnr: 018 523 0111

The Views Lifestyle Centre
Klinkenbergstraat, van der Hoffpark
Potchefstroom
Telnr. 087 527 0029
Veilige parkering
ONS BAK MET PASSIE/WE BAKE WITH PASSION

SUSTERS

2 KOR. 7:1 "... LAAT ONS ONS DAN REINIG VAN ALLES WAT LIGGAAM EN GEES VERONTREINIG, EN ONS IN GEHOORSAAMHEID AAN GOD VOLKOME AAN HOM TOEWY."

SUSTERS: ELEKTRONIESE INBETALINGS

Liewe suster, om dit vir jou makliker te maak kan jy gerus die "Zapper App" aflaai en dan hierdie QR-simboolkode vir elektroniese inbetalings aan die Susters gebruik. Dui asb net vir ons aan waarvoor jy bydra: Jaarlikse sustersbydrae / Blikkies-warmharte / Kansa / Donasies.

TEESKINK-GELEENTHEID

Koffie, tee en koeldrank vandag in die Skuur na die oggenddiens.
Baie dankie aan groepsusters en hul groepe wat vandag hiermee help:

Carin Kloppers en groep 7, Marian de Kock en groep 15, Marie Oosthuizen en groep 25, asook Nauma Blom en groep 33.

BLIKKIES-WARMHARTE & SUSTERSBYDRAE

- Die doel van die blikkies (wat jy in die voorportaal van die kerk kan kry) is dat almal hulle lastige kleingeld in 'n blikkie sal gooi en die vol blikkie dan in die voorportaal van die kerk sal neersit. Die geld word dan gebruik om blomme of iets toepaslik aan te koop vir iemand wat deur beproewing gaan.
- Die susters se fondse word uit elke suster se vrywillige bydrae (R150 per jaar) verkry, asook uit die fondse wat tydens fondsinsamelingsgeleenthede geïn word. Hierdie geld word gebruik om na minderbevoorregtes uit te reik en daar word jaarliks aan verskillende verdienstelike instansies, donasies gegee.

Dankie vir die susters wat op gereelde basis 'n bydrae vir hierdie werk gee.

BAIE DANKIE!

Baie dankie aan Hestie en die susters van Blok A vir so ‘n spesiale aand en tema onder leiding van prof. Albert Coetsee. Behalwe dat ons baie lekker gekuier het, was dit ook baie leersaam!

WEGNEEM ETE!!!

Plaas jou bestelling hier: https://forms.gle/hDkMZxvg6EfWNmCw6

KWARTAALPROGRAM

TWEEDE KWARTAAL				
02-Jun	Sondag	18:00	C	Ouderlingverversings
09-Jun	Sondag	12:00	B	Nagmaalete

Oosdoppertjie-Jeugbediening

1. Erediens Kinderblad

Ons kinders se deelname aan die erediens is belangrik. Ons dink aan die Here Jesus se uitnodiging: Laat die kindertjies na My toe kom! Die erediens is 'n ontmoeting tussen God en sy volk en ons kinders is net soveel deel van hierdie ontmoeting as ons volwassenes.
Om egter vir ons kinders hierdie ontmoeting so sinvol as moontlik op hulle vlak van verstaan te maak, gee ons tydens die skoolkwartaal 'n Kinderblad uit. Dit is voor die erediens in die voorportaal beskikbaar. Daar is ook inkleurpotlode en knipborde beskikbaar. Hierdie kinderblad bied aktiwiteite wat die kinders tydens elke element van die erediens kan voltooi. Ouers kan die kinders begelei oor hoe om dit te voltooi. Die hoop is dat die blaadjie ons kinders sal laat groei in hul geloof en verhouding met ons Here.

2. Bediening vir voorskoolse jeug tydens eredienste

Gedurende die skoolkwartaal bied ons vir die voorskoolse jeug 'n georganiseerde program aan, terwyl Woordverkondiging plaasvind. Die kleuterbediening vind plaas deur 'n lessie wat op die kleuters se vlak aangebied word, asook speletjies, samesang en gebed. Kleuters van 3jr tot Gr R is welkom om by ons aan te sluit. Enigiemand wat die behoefte het om betrokke te raak by kleuterbediening, is welkom om Tineke te kontak.
Kontakpersoon: Tineke van Rooyen (084 657 1019)

ALGEMENE INLIGTING

LIEFDEGAWES VIR BARMHARTIGHEID (DIAKONIE)

Hierdie QR-simboolkode is gekoppel aan die Diakonie se rekening en slegs bydraes vir Barmhartigheid kan daarmee gemaak word - geen ander betalings aan die Diakonie of kerkraad nie.

KONTAKBESONDERHEDE

Ds. Piet: 018 290 5635 / 082 779 1237
Hulpdiens: Ds. Pieter vd Walt – 082 851 3637
Ds. Daan Bakker - 082 829 8456
Student Pieter Deysel – 079 695 0027
Kerkkantoor: Adele – 018 290 7690 / 082 532 8658 / kerkkantoor@oosdoppers.co.za
Koster: Dawie v Zyl – 082 774 7936

BANKBESONDERHEDE

Geref. Kerk Potchefstroom-Oos
ABSA Bank
Tjekrek: 670 340 066
Takkode: 632-005

Diakonie
ABSA Bank
Tjekrek: 670 280 160
Takkode: 632-005

Susters
Capitec Bank
Spaarrek: 145 652 5695
Takkode: 470-010